Gauteng-skole

Toelatings 2019

1. Aansoek om toelating tot 'n openbare gewone skool vir graad 1 en graad 8 vind SLEGS plaas op die aanlyn-platform van die Gautengse onderwysdepartement plaas: besoek www.gdeadmissions.gov.za of www.intake.gdeadmissions.gov.za. Die tweede adres is tans werkbaar om te gaan oefen om gemaklik daarmee te raak.
2. Die platform gee 'n ouer die geleentheid om tot 'n maksimum van vyf skole te kies waarby aansoek gedoen kan word.
3. Die taal van onderrig by 'n skool en moedertaal van 'n leerder is nie bepalend in die aansoekproses nie en moedertaal word sleg vir statistiese redes gelys. OUERS HET EGTER WETLIK DIE KEUSE VAN ONDERRIGTAAL VAN HUL KINDERS.
4. Die aansoekproses gee voorkeur aan vroegtydige aansoeke en plasings vind plaas op 'n rangorde van tyd waarop aansoek gedoen is.
5. As gevolg van kapasiteitsdruk by sekere skole is dit omsigtig om by meer as een skool aansoek te doen om later die keuse van skool uit te oefen.
6. Daar is 'n blitsskakel op FEDSAS se webblad (www.fedsas.org.za) na die regsitrasieblad, asook 'n kort video wat hierdie proses verduidelik.

Wat ouers moet weet:

1. Aansoeke open op Maandag, 16 April 2018, om 08:00.
2. Doen so spoedig moontlik aansoek.
3. Nadat 'n eerste keuse op grond van woon- of werkadres of sibbe gedoen is, het elk ouer die reg tot keuse van 'n spesifieke skool. Indien ouers in daardie skool se voedingsarea woon, werk of ander kinders daar het, sal dit 'n A-lys-aansoek wees, andersins word dit 'n B-lys-aansoek.

Kopiereg FEDSAS

4. Ouers moet rekord hou van hul gebruikersnaam en wagwoord.

5. Ouers sal 'n SMS ontvang om te bevestig dat die aansoek ontvang is.

6. Ouers moet dan die waglysnommer op die bevestigingskerm byderhand hou. Dit is raadsaam om 'n skermgreep (*screen grab*) of 'n foto te neem.

7. Aansoeke word eers geldig met die indien van die gelyste dokumente by alle skole waar aansoek gedoen is. Dit moet binne sewe dae ná die aanlyn-aansoek gebeur.

8. Aansoeke sluit op 28 Mei 2018, maar ouers moet eerder so spoedig moontlik op 16 April aansoek doen.

9. Ouers sal kort ná 28 Mei 2018 'n SMS ontvang van alle skole waar die leerder plek het.

10. Ouers moet dan die keuse op die aanlyn-platform uitoefen van die skool waar hulle die aanbieding van 'n plek in 'n gegewe skool aanvaar.

DIE AANSOEKPROSES BEHELS TWEE AKSIES EN DIT IS UITERS BELANGRIK DAT OUERS ALBEI STAPPE UITVOER:

1. **DOEN AANSOEK OP DIE AANLYN PLATFORM**
2. **HANDIG BINNE SEWE DAE DIE NODIGE DOKUMENTASIE IN BY AL DIE SKOLE WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD**

Kopiereg FEDSAS